Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

16 Januarie 2026 Uitgawe: 1/1/2026

# UIT DIE KANTOOR

Graag verwelkom ek almal terug na die heerlike vakansie. Ek hoop en vertrou dat almal lekker uitgerus is en gereed is vir 2026. Ook 'n woord van welkom aan al ons nuwe ouers wat vanjaar by Tjokkies aansluit. Mag dit vir jou en jou kind 'n onvergeetlike reis saam met Tjokkies wees. Ek glo na die eerste week sal almal sommer vinnig die roetine van die skool baasraak.

Net weer die volgende belangrike sake om van kennis te neem:

- **Jaarbeplanner:** (tafelkalender) Elke gesin sal volgende week die jaarbeplanner in harde kopie ontvang (een per gesin). Die elektroniese weergawe sal ook vanaf volgende week op die skool se webblad beskikbaar wees. Die webblad is tans net onder konstruksie. Die verskillende funksionerende komitees en skakelpersone se inligting verskyn op die laaste bladsy van die kalender. Al die onderwysers se inligting is ook daar te vinde. Neem gerus die vrymoedigheid om enige van die persone te kontak indien u enige vra of voorstelle het. Neem ook kennis van alle toepaslike aktiwiteite en skakel daarby in, as ondersteuning aan u kind en Tjokkies.
- **Huiswerkboekie:** Die skool gee nie meer 'n huiswerkboekie uit aan die leerders nie. Ouers is self verantwoordelik om 'n dagboek/huiswerkboek vir u kind aan te skaf waarin die leerders hul huiswerk kan afskryf. Die afskryf van belangrike inligting soos huiswerk is 'n belangrike vaardigheid wat kinders reeds van 'n vroeë ouderdom moet aanleer. Doen asb. moeite om u kind gereeld te vra of huiswerk afgeskryf is en dat u sommer bietjie wil kontroleer. Teken ook gereeld u kind se boekie as bewys.
- **Skoolreëls en Erekode:** Die leerders het vandag die erekode en skoolreëls ontvang. Neem asb. kennis daarvan. Dit moet asb. ook deur u as ouer onderteken word. (Dit is 'n bepaling van die SA Skolewet) Stuur asb. die getekende vorm weer terug na u kind se registeronderwyser teen Vrydag, 23 Januarie 2026.
- **Buitemuurse-rooster:** Dit is reeds elektronies aan u gestuur. Kontroleer asb. met u kind waar en wanneer wat plaasvind en by watter hek u hom of haar gaan oplaai.
- **Skoolgeldbrief:** Bestaande ouers het reeds die skoolgeldbrief verlede jaar saam met u kind se rapport ontvang. Nuwe ouers sal dit vandag ontvang. Indien u nie so 'n brief ontvang het nie, kontak asb. die kantoor om u te vergewis van vanjaar se skoolgelde. Let asb. daarop dat indien u vir korting kwalifiseer, u reeds vanaf 14 Januarie daarvoor kan aansoek doen. Kortingsaansoekbriewe is by Mev. Beaulah du Plessis in die kantoor beskikbaar.
- **Skolewet-brief:** Die leerders het ook die Skolewet-brief ontvang. Dit moet asb. ook deur u as ouer onderteken word vir elke leerder en asb. weer terug na u kind se registeronderwyser gestuur word teen Vrydag, 23 Januarie 2026.

- **Oueraande:** Oueraande begin om 18h00 as volg:
- **Maandag, 19 Januarie:** (Gr. 1-3) asook RO-oueraand (Gr. 4-6 per afspraak)
  **Dinsdag, 20 Januarie:** (Gr. 4-7) asook RO-oueraand (Gr. 2-3 per afspraak)

**Neem asb. kennis dat ouers eers na die saal moet beweeg en daarna na u kind se registerklas. As gevolg van beperkte spasie in die saal, hoef slegs een ouer per gesin in die saal teenwoordig te wees.**

Vir die RO-afsprake skakel u die kantoor om 'n kwartier tydgleuf vas te maak:

**Gr. 4-6: 19 Januarie om 16:00 – 18:00**
**Gr. 2-3: 20 Januarie om 16:00 – 18:00**

**Tjokkie Gesinsdiens – 25 Januarie**
Soos in die verlede, word elke ouer en kind hartlik genooi na ons Tjokkie-gesinsdiens. Hierdie diens is oop vir almal, ongeag u denominasie. Dit is 'n oggenddiens en vind plaas vanuit die Geloofsentrum Universitas in Strausstraat. (Langs die Muddplein Sportgronde) Die diens begin om 9h00. Dit is interkerklik en 'n Tjokkie-aangeleentheid. Ons versoek dat die leerders asb. die diens in hulle skoolklere sal bywoon.

**Tussenverkiesing Beheerliggaam**

Mnr. Gerhard Boshoff, Beheerliggaamslid verantwoordelik vir geboue en terrein het einde verlede jaar klaargemaak by Tjokkies en sy posisie is dus vakant. Die SA-skolewet bepaal dat die aantal ouer-verteenwoordiging op die Beheerliggaam altyd meer moet wees as die van die opvoeders. Daar moet dus nou 'n tussenverkiesing plaasvind om hierdie vakante posisie te vul tot die einde van die huidige termyn wat Maart 2027 verstryk.

Die behoefte van die skool is spesifiek 'n persoon met ervaring, kwalifikasie en kennis op die gebied van terreinontwikkeling/instandhouding/munisipale vereistes en wetgewing. Aangeheg is 'n amptelike kennisgewing en prosedures vir persone wat belangstel om 'n waardevolle bydrae te lewer t.o.v. die voortbestaan van ons geliefde skool.


**Parkering**

Let asb. daarop dat afdakke by hek 1 en 2 uitsluitlik vir personeel is en ouers moet asb. nie daar parkeer om net vinnig 'n kind op of af te laai nie. Indien 'n afdak "oop" is, is die personeellid dalk net departement toe of nog oppad skool toe en veroorsaak dit 'n bottelnek indien 'n ouer op daardie parkering stop. Dankie vir u samewerking in hierdie verband.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 19 Jan.: | o/11 Krieketproewe |
| | Oueraand (Gr.1-3) |
| | Buitemuurs begin voluit |
| 20 Jan.: | Skool se amptelike verjaarsdag (1970-2026) |
| | Oueraand (Gr. 4-7) |
| | Skaakuitspele vir ligaspanne |
| | Seniorkoor oudisies |
| 21 Jan.: | Atletiek: Kleursport (Pelliespark - UV) |
| 22 Jan.: | Kleuterskool inligtingsvergadering |
| | o/13 Krieketproewe |
| 23 Jan.: | Gr.1 Atletiek (skool) |
| | Seniorkoor oudisies |

## VERJAARSDAE



| | |
|---|---|
| 3 Jan.: | Juf. Mianca Opperman (Gr. 5) |
| 16 Jan.: | Juf. Alettha van der Bijl (Gr. 3) |
| 17 Jan.: | Juf. Hanlie Dippenaar (Musiek) |

## HOKKIE AKADEMIE

Die hokkie akademie wat op Dinsdae-middae gaan plaasvind, gaan eers die 3de Februarie 2026 afskop. Daar sal meer inligting by die sportvergadering op 28 Januarie deurgegee word.

## REVUE

Nog geen oefening op Dinsdae vir die Revuegroep nie.

Leerders sal briewe ontvang rakende oudisies asook datum wanneer oefeninge begin.

# MUSIEK

Die musiekdepartement nooi alle belangstellende leerders in gr 2 – 7 wat in 2026 die eerste keer met musiekonderrig wil begin, uit om ons so gou as moontlik te kontak. Me Hanlie Dippenaar se nommer is 079 884 3620 of u kan 'n epos stuur na hanlie@tjokkies.co.za

Musiekonderrig is beskikbaar in klavier, klawerbord, kitaar en blokfluit asook individuele sang.

Beperkte plekke is beskikbaar.

# VAN DIE MAMMAS WAT BID

JESAJA 60:1 NLV
[1] "Staan op, Jerusalem (Tjokkies!), laat jou lig skyn sodat alle volke dit kan sien! Want die Here se heerlikheid skyn op jou.

God se oproep aan Sy kinders is eenvoudig:

MATTEUS 5:14 NLV
[14] "Julle is die lig wat die wêreld moet verlig. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan mos nie weggesteek word nie!"

Laat jou Lig skyn en moenie dit wegsteek nie....die wêreld is donker genoeg!

Saam met hierdie mandaat gee God ook die vermoë: Jesus as voorbeeld (Johannes 1:4-9) en die krag van die Heilige Gees.

In donker areas van jou lewe, skyn Sy lig deur eenvoudig die beloftes uit God se Woord te glo, bid en toe te pas.
Skyn Sy lig in ander se donker wêrelde deur hulle te help om die beloftes uit God se Woord te glo, bid en toe te pas.

**Vir elke Tjokkie-hartjie:**

Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid.
I TIMÓTHEÜS 4:12 AFR53

**Aan die Tjokkie familie:**

2026 hou vir jou Lig in! Laat God se Lig in en deur jou skyn deur die krag van die Heilige Gees! Amen.


Seniorkoor
Oudisies 2026
Graad 4-7
Word deel van die hartklop
van Tjokkies!
Datums: 20/23 Januarie (kies een)
Tyd: 13:30-15:00
Plek: Ouditorium
NB: Voltooi asseblief die skakel om in te
skryf.
GR 4's wat verlede jaar in die GSF-koor was. moet weer
oudisies doen vir die seniorkoor
https://forms.gle/SB5YyBXtHahkofWL6

# SNUFFELS


BLOEMFONTEIN GIMNASTIEK KLUB
Klasse in beide
Afrikaans en Engels
GRATIS DEMO KLASSE
Klasse beskikbaar in:
• Mini Movers (2-4Jaar)
• Foundation Flyers (5-8Jaar)
• Flip & Sip😉 (Volwassenes)
Kompiterende Gimnastiek (7+Jaar)
• Artistiese Gimnastiek
• Trampolien & Tuimel
• Parkour
• Akrobatiese Gimnastiek
Sluit aan in 2026
WhatsApp: 082 649 9704
BFN Skougronde
Die Plaaswerf Saal
Sterk Liggame. Gefokusde Gedagtes. Gelukkige Harte.
Van Eerste Rolle tot Internasionale Sukses